

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

— BUITENGEWONE —

# OFFISIËLE KOERANT



PUBLISHED BY AUTHORITY.

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES - AFRIKA.

1/- Vrydag, 12 Februarie 1960

WINDHOEK

Friday, 12th February, 1960

No. 2236

## INHOUD

## CONTENTS

Bladsy/Page

### GOEWERMENSKENNISGEWING—

No. R. 193 (Unie) Regulasies vir Reddingsuitrusting,  
1960 . . . . .

### GOVERNMENT NOTICE—

(Union) Life-Saving Equipment Regulations, 1960 1

## GOEWERMENSKENNISGEWING.

C. F. MARAIS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

### DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R. 193 (Unie).] [12 Februarie 1960.

#### MARINE-AFDELING.

#### REGULASIES OP DIE VOORSIENING VAN REDDINGSUITRUSTING OP SKEPE.

Dit het die Minister van Vervoer behaag om, kragtens  
die bepalings van artikel *driehonderd vyf-en-sestig* van die  
Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die  
volgende regulasies uit te vaardig.

#### INHOUD.

#### INLEIDING.

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Woordbetekenis.
3. Toepassing.
4. Klassifikasie van skepe.

#### DEEL I.—REDDINGSUITRUSTING.

#### HOOFSTUK I.—REDDINGSUITRUSTING VIR DIE ONDERSKEIE KLASSE SKEPE.

5. Skepe van Klas I.
6. Skepe van Klas II.
7. Skepe van Klas IIA.
8. Skepe van Klas III.
9. Skepe van Klas IV.
10. Skepe van Klas V.
11. Skepe van Klas VI.
12. Skepe van Klas VII.
13. Skepe van Klas VIIA.
14. Skepe van Klas VIII.
15. Skepe van Klas IX.
16. Skepe van Klas IXA.
17. Skepe van Klas X.
18. Skepe van Klas XI.
19. Skepe van Klas XII.

#### HOOFSTUK II.—VEREISTES VIR REDDINGS- UITRUSTING.

20. Algemene vereistes vir reddingsbote.
21. Draagvermoë van reddingsbote.
22. Motorreddingsbote.
23. Meganiesaaangedrewe reddingsbote.

A—7153426

## GOVERNMENT NOTICE.

C. F. MARAIS,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

### DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. R. 193 (Union).] [12 February 1960.

#### MARINE DIVISION.

#### REGULATIONS GOVERNING THE PROVISION OF LIFE-SAVING EQUIPMENT ON SHIPS.

The Minister of Transport has been pleased, under the  
provisions of section *three hundred and fifty-six* of the  
Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), to  
make the following regulations.

#### CONTENTS.

#### PRELIMINARY.

1. Title of these regulations.
2. Interpretation.
3. Application.
4. Classification of ships.

#### PART I.—LIFE-SAVING APPLIANCES.

#### CHAPTER I.—LIFE-SAVING APPLIANCES FOR THE RESPECTIVE CLASSES OF SHIPS.

5. Ships of Class I.
6. Ships of Class II.
7. Ships of Class IIA.
8. Ships of Class III.
9. Ships of Class IV.
10. Ships of Class V.
11. Ships of Class VI.
12. Ships of Class VII.
13. Ships of Class VIIA.
14. Ships of Class VIII.
15. Ships of Class IX.
16. Ships of Class IXA.
17. Ships of Class X.
18. Ships of Class XI.
19. Ships of Class XII.

#### CHAPTER II.—REQUIREMENTS FOR LIFE- SAVING APPLIANCES.

20. General requirements for lifeboats.
21. Carrying capacity of lifeboats.
22. Motor lifeboats.
23. Mechanically propelled lifeboats.

24. Klas C-bote.
25. Oppompbare reddingsvlotte.
26. Drywende toestelle.
27. Die merk van reddingsbote, Klas C-bote, oppompbare reddingsvlotte en drywende toestelle.
28. Reddingsboeie.
29. Reddingsboeiligte en -lyne.
30. Reddingsbuis.
31. Lynwerptoeestelle.

### HOOFSTUK III.—VOORSIENING VAN UITRUSTING EN RANTSOENE IN REDDINGSBOTE, BOTE, EN OPPOMPBAAR REDDINGSVLOTTE.

32. Uitrusting vir reddingsbote en bote (uitgesonderd Klas C-bote).
33. Rantsoene vir reddingsbote en bote (uitgesonderd Klas C-bote).
34. Spesiale uitrusting vir sekere Klas A-motorreddingsbote.
35. Uitrusting en rantsoene vir Klas C-bote.
36. Bevestiging van uitrusting en rantsoene in reddingsbote en bote.
37. Uitrusting en rantsoene vir oppompbare reddingsvlotte.

### HOOFSTUK IV.—PLASING VAN REDDINGS-UITRUSTING.

38. Algemene bepalings met betrekking tot plasing.
39. Plasing en hantering van reddingsbote en bote.
40. Plasing van oppompbare reddingsvlotte, drywende toestelle, reddingsboeie en reddingsbuis.

### HOOFSTUK V.—DIVERSE BEPALINGS.

41. Inskeping in reddingsbote.
42. Bemanning van reddingsbote.
43. Gediplomeerde reddingsbootlui.
44. Draagbare radiotelegrafiese uitrusting.
45. Elektriese verligting.
46. Noodseine van skepe.

### HOOFSTUK VI.—GELYKWAARDIGHEDE, VERGUNNING EN VRYSTELLINGS.

47. Outoriteit van Minister en Sekretaris.
48. Gelykwaardigheid.
49. Vergunning betreffende davits.
50. Vergunning betreffende die akkommodasie wat deur reddingsbote en drywende toestelle voorsien word.
51. Vrystelling ten opsigte van 'n skip wat onder buitengewone omstandighede 'n enkele internasionale see-reis onderneem.
52. Vergunning betreffende die grootte van reddingsbote of bote.
53. Vrystelling ten opsigte van 'n skip wat gebou is voor die inwerkingtreding van hierdie Deel.
54. Vrystelling ten opsigte van draagbare radiotelegrafiese uitrusting.

## DEEL II.—BRANDTOESTELLE.

### HOOFSTUK I.—SKEPE VAN KLAS I.

55. Rondediens, alarm- en opsporingstelsels.
56. Passasiers- en bemanningsruime.
57. Vragruime en pakkamers.
58. Masjiën- en bunkerruime: Algemeen.
59. Masjiënruime: Skepe toegerus met hoof- of hulpketels wat met olie gestook word.
60. Masjiënkamers: Motorskepe.
61. Brandpompe.
62. Waterpype, brandkrane en brandslange.
63. Uitrusting vir brandweermanne.
64. Draagbare boormasjiën.

24. Class C boats.
25. Inflatable liferafts.
26. Buoyant apparatus.
27. Marking of lifeboats, Class C boats, inflatable liferafts and buoyant apparatus.
28. Lifebuoys.
29. Lifebuoy lights and lines.
30. Lifejackets.
31. Line-throwing appliances.

### CHAPTER III.—PROVISION OF EQUIPMENT AND RATIONS IN LIFEBOATS, BOATS, AND INFLATABLE LIFERAFTS.

32. Equipment for lifeboats and boats (other than Class C boats).
33. Rations for lifeboats and boats (other than Class C boats).
34. Special equipment for certain Class A motor lifeboats.
35. Equipment and rations for Class C boats.
36. Security of equipment and rations in lifeboats and boats.
37. Equipment and rations for inflatable liferafts.

### CHAPTER IV.—STOWAGE OF LIFE-SAVING APPLIANCES.

38. General provisions relating to stowage.
39. Stowage and handling of lifeboats and boats.
40. Stowage of inflatable liferafts, buoyant apparatus, lifebuoys, and lifejackets.

### CHAPTER V.—MISCELLANEOUS PROVISIONS.

41. Embarkation into lifeboats.
42. Manning of lifeboats.
43. Certificated lifeboatmen.
44. Portable radiotelegraph equipment.
45. Electric lighting.
46. Ships' distress signals.

### CHAPTER VI.—EQUIVALENTS, CONCESSIONS AND EXEMPTIONS.

47. Authority of Minister and Secretary.
48. Equivalents.
49. Concession regarding davits.
50. Concession regarding the accommodation provided by lifeboats and buoyant apparatus.
51. Exemption in respect of a ship which in exceptional circumstances undertakes a single international voyage.
52. Concession regarding the size of lifeboats or boats.
53. Exemption in respect of a ship constructed before the coming into force of this Part.
54. Exemption in respect of portable radiotelegraph equipment.

## PART II.—FIRE APPLIANCES.

### CHAPTER I.—SHIPS OF CLASS I.

55. Fire patrol, alarm and detection systems.
56. Passenger and crew spaces.
57. Cargo spaces and store rooms.
58. Machinery and bunker spaces: General.
59. Machinery spaces: Ships fitted with main or auxiliary oil-fired boilers.
60. Engine rooms: Motor ships.
61. Fire pumps.
62. Water pipes, hydrants and fire hoses.
63. Firemen's outfits.
64. Portable drilling machine.

## HOOFSTUK II.—SKEPE VAN KLAS II EN IIA.

- 65. Skepe van Klas II.
- 66. Skepe van Klas IIA.

## HOOFSTUK III.—SKEPE VAN KLAS III, IV EN V.

- 67. Skepe van Klas III.
- 68. Skepe van Klas IV.
- 69. Skepe van Klas V.

## HOOFSTUK IV.—SKEPE VAN KLAS VI.

- 70. Waterpype, brandkrane en brandslange.
- 71. Draagbare brandblussers.
- 72. Masjienuite: Skepe toegerus met hoof- of hulpketels wat met olie gestook word.
- 73. Masjienkamer: Motorskepe.
- 74. Brandpompe.
- 75. Motorskepe: Nie volledig gedek nie.

## HOOFSTUK V.—SKEPE VAN KLAS VII.

- 76. Vragruime.
- 77. Brandslange en -pompe.
- 78. Draagbare brandblussers.
- 79. Uitrusting vir brandweermanne.
- 80. Draagbare boormasjien.
- 81. Masjienuite: Skepe toegerus met hoof- of hulpketels wat met olie gestook word.
- 82. Masjienkamers: Motorskepe.

## HOOFSTUK VI.—SKEPE VAN KLAS VIIA.

- 83. Vereistes.

## HOOFSTUK VII.—SKEPE VAN KLAS VIII.

- 84. Skepe van 1,000 ton of groter.
- 85. Skepe van 500 ton of groter, maar onder 1,000 ton.
- 86. Skepe van 150 ton of groter, maar onder 500 ton.
- 87. Skepe van onder 150 ton.

## HOOFSTUK VIII.—SKEPE VAN KLAS IX EN IXA.

- 88. Vereistes.

## HOOFSTUK IX.—SKEPE VAN KLAS X.

- 89. Vereistes.

## HOOFSTUK X: SKEPE VAN KLAS XI EN XII.

- 90. Skepe van Klas XI.
- 91. Skepe van Klas XII.

## HOOFSTUK XI.—ALGEMENE VEREISTES BETREFFENDE BRANDTOESTELLE.

- 92. Kragpompe.
- 93. Waterpype en brandkrane.
- 94. Brandslange, straalpype, ens.
- 95. Brandemmers.
- 96. Brandblussers.
- 97. Smoorgas- of stoominstallasies.
- 98. Afskakeling van waaiers en sluiting van openings.
- 99. Veiligheidslampe.
- 100. Plasing van beweegbare brandtoestelle.

## CHAPTER II.—SHIPS OF CLASSES II AND IIA.

- 65. Ships of Class II.
- 66. Ships of Class IIA.

## CHAPTER III.—SHIPS OF CLASSES III, IV AND V.

- 67. Ships of Class III.
- 68. Ships of Class IV.
- 69. Ships of Class V.

## CHAPTER IV.—SHIPS OF CLASS VI.

- 70. Water pipes, hydrants and fire hoses.
- 71. Portable fire extinguishers.
- 72. Machinery spaces: Ships fitted with main or auxiliary oil-fired boilers.
- 73. Engine room: Motor ships.
- 74. Fire pumps.
- 75. Motor ships: Not fully-decked.

## CHAPTER V.—SHIPS OF CLASS VII.

- 76. Cargo spaces.
- 77. Fire hoses and pumps.
- 78. Portable fire extinguishers.
- 79. Firemen's outfits.
- 80. Portable drilling machine.
- 81. Machinery spaces: Ships fitted with main or auxiliary oil-fired boilers.
- 82. Engine rooms: Motor ships.

## CHAPTER VI.—SHIPS OF CLASS VIIA.

- 83. Requirements.

## CHAPTER VII.—SHIPS OF CLASS VIII.

- 84. Ships of 1,000 tons or over.
- 85. Ships of 500 tons or over but under 1,000 tons.
- 86. Ships of 150 tons or over but under 500 tons.
- 87. Ships of under 150 tons.

## CHAPTER VIII.—SHIPS OF CLASSES IX AND IXA.

- 88. Requirements.

## CHAPTER IX.—SHIPS OF CLASS X.

- 89. Requirements.

## CHAPTER X.—SHIPS OF CLASSES XI AND XII.

- 90. Ships of Class XI.
- 91. Ships of Class XII.

## CHAPTER XI.—GENERAL REQUIREMENTS REGARDING FIRE APPLIANCES.

- 92. Power pumps.
- 93. Water pipes and hydrants.
- 94. Fire hoses, nozzles, etc.
- 95. Fire buckets.
- 96. Fire extinguishers.
- 97. Smothering-gas or steam installations.
- 98. Stopping of fans and closing of openings.
- 99. Safety lamps.
- 100. Stowage of movable fire appliances.



## HOOFSTUK XII.—GELYKWAARDIGHEDE EN VRYSTELLINGS.

101. Outoriteit van Minister en Sekretaris.
102. Gelykwaardighede.
103. Vrstelling van skepe ten opsigte van brandalarm- of brandopsporingstelsel.
104. Vrstelling van passasierskepe ten opsigte van toestelle vir brandsmoorgas.
105. Vrstelling van passasierskepe ten opsigte van skuiminstallasies.
106. Vrstelling van skepe, uitgesonderd passasierskepe, ten opsigte van toestelle vir brandsmoorgas.
107. Vrstelling van skepe, uitgesonderd passasierskepe, ten opsigte van skuimininstallasies.
108. Algemene vrystelling van sekere skepe.
109. Vrstelling van skepe wat gebou is voor die inwerkingtrede van hierdie Deel.

Eerste Bylae.—Tabel wat die minimum getal stelle davits wat voorsien moet word en die minimum kubieke inhoud van reddingsbote in Klas I, II en IIA skepe aandui.

Tweede Bylae.—Vereistes vir reddingsbote.

Derde Bylae.—Berekening van kubieke inhoud van reddingsbote.

Vierde Bylae.—Masjinerie van motorreddingsbote.

Vyfde Bylae.—Masjinerie van meganiesaangedrewe reddingsbote.

Sesde Bylae.—Vereistes vir Klas C-bote.

Sewende Bylae.—Vereistes vir oppompbare reddingsvlotte.

Agste Bylae.—Vereistes vir drywende toestelle.

Negende Bylae.—Vereistes vir reddingsboeie.

Tiende Bylae.—Vereistes vir reddingsbuisse.

Elfde Bylae.—Vereistes vir lynwerptoeestelle.

Twaalfde Bylae.—Spesifikasies van uitrusting vir reddingsbote, bote en oppompbare reddingsvlotte.

Dertiende Bylae.—Davits en reddingsbootteewaterlatingstuig.

Veertiende Bylae.—Reddingsbootontkoppelingsinrigting.

Vyftiende Bylae.—Skepe se valskermnoodvuurpylsiniale.

Sestiende Bylae.—Skuimbrandblussingsinstallasies.

Sewentiende Bylae.—Asemhalingstoeestelle, rookhelms en rookmaskers.

Agtiende Bylae.—Nie-draagbare skuimbrandblussers.

Negentiende Bylae.—Draagbare of nie-draagbare koolsuurgasbrandblussers.

Twintigste Bylae.—Draagbare koolstoftetrachloriedbrandblussers.

Een-en-twintigste Bylae.—Draagbare brandblussers (uitgesonderd koolsuurgas- en koolstoftetrachloriedbrandblussers).

Twee-en-twintigste Bylae.—Koolstofdioksiedsmoorgasinstallasies.

### INLEIDING.

#### 1. TITEL VAN HIERDIE REGULASIES.

Hierdie regulasies word die Regulasies vir Reddingsuitrusting, 1960, genoem.

(OPMERKING.—Die inleidende bepalings van die regulasies omvat Deel I en Deel II. Deel I handel oor reddingsuitrusting en Deel II oor brandtoestelle.)

## CHAPTER XII.—EQUIVALENTS AND EXEMPTIONS.

101. Authority of Minister and Secretary.
102. Equivalents.
103. Exemption of ships in respect of fire alarm or fire detection system.
104. Exemption of passenger ships in respect of appliances for fire-smothering gas.
105. Exemption of passenger ships in respect of froth installations.
106. Exemption of ships, other than passenger ships, in respect of appliances for fire-smothering gas.
107. Exemption of ships, other than passenger ships, in respect of froth installations.
108. General exemption of certain ships.
109. Exemption of ships constructed before the coming into force of this Part.

First Schedule.—Table showing the minimum numbers of sets of davits to be provided and the minimum cubic capacity of lifeboats in ships of Classes I, II and IIA.

Second Schedule.—Requirements for lifeboats.

Third Schedule.—Calculation of cubic capacity of lifeboats.

Fourth Schedule.—Machinery of motor lifeboats.

Fifth Schedule.—Machinery of mechanically propelled lifeboats.

Sixth Schedule.—Requirements for Class C boats.

Seventh Schedule.—Requirements for inflatable liferafts.

Eighth Schedule.—Requirements for buoyant apparatus.

Ninth Schedule.—Requirements for lifebuoys.

Tenth Schedule.—Requirements for lifejackets.

Eleventh Schedule.—Requirements for line-throwing appliances.

Twelfth Schedule.—Specifications of equipment for lifeboats, boats and inflatable liferafts.

Thirteenth Schedule.—Davits and lifeboat launching gear.

Fourteenth Schedule.—Lifeboat disengaging gears.

Fifteenth Schedule.—Ships' parachute distress rocket signals.

Sixteenth Schedule.—Froth fire extinguishing installations.

Seventeenth Schedule.—Breathing apparatus, smoke helmets and smoke masks.

Eighteenth Schedule.—Non-portable froth fire extinguishers.

Nineteenth Schedule.—Portable or non-portable carbon dioxide fire extinguishers.

Twentieth Schedule.—Portable carbon tetrachloride fire extinguishers.

Twenty-first Schedule.—Portable fire extinguishers (other than carbon dioxide and carbon tetrachloride fire extinguishers).

Twenty-second Schedule.—Carbon dioxide smothering-gas installations.

### PRELIMINARY.

#### 1. TITLE OF THESE REGULATIONS.

These regulations are called the Life-saving Equipment Regulations, 1960.

(NOTE.—The Preliminary to the regulations covers both Part I and Part II. Part I deals with life-saving appliances and Part II with fire appliances.)



## 2. WOORDBETEKENIS.

In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die Wet” die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) en, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet ’n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, die aldus toegekende betekenis, en beteken—

- „drywende toestelle”, drywende uitrusting, uitgesonderd reddingsboei en reddingsbuis, ontwerp om persone in die water te steun;
- „Klas A-motorreddingsboot”, ’n reddingsboot wat voldoen aan die vereistes van paragraaf (1) van regulasie 22;
- „Klas B-motorreddingsboot”, ’n reddingsboot wat voldoen aan die vereistes van paragraaf (2) van regulasie 22;
- „Klas C-boot”, ’n boot wat voldoen aan die vereistes van die Sesde Bylae;
- „bemanningsruim”, akkommodasie vir die bemanning;
- „oppompbare reddingsvlot”, ’n oppompbare reddingsvlot wat voldoen aan die vereistes van regulasie 25;
- „lengte”, met betrekking tot ’n skip, geregistreerde lengte;
- „reddingsboot”, ’n boot wat voldoen aan die vereistes van die Tweede Bylae;
- „meganisaangedrewe reddingsboot”, ’n reddingsboot, uitgesonderd ’n motorreddingsboot, wat voldoen aan die vereistes van regulasie 23;
- „myl”, ’n seemyl van 6,080 voet;
- „passasiersruim”, ’n ruim voorsien vir die gebruik van passasiers;
- „persoon”, ’n persoon oor die ouderdom van een jaar;
- „draagbare brandblusser”, met betrekking tot ’n koolsuurgasbrandblusser, ’n brandblusser met ’n inhoud van hoogstens 15 pond koolsuurgas, met betrekking tot ’n koolstoftetrachloriedbrandblusser, ’n brandblusser met ’n nominale vloeistofinhoud van een kwart, en met betrekking tot enige ander brandblusser, ’n brandblusser met ’n inhoud van hoogstens 3 gelling en minstens 2 gelling vloeistof;
- „tenkskip”, ’n skip gebou of aangepas vir die massavervoer van vloeistofvrage van ontvlambare aard;
- „ton”, bruto registerton.

[OPMERKING.—Afdeling twee van die Wet sluit die volgende woordbepalings in:—

- „akkommodasie vir die bemanning”, ook slaapkamers, pakkamers, skeepskombuis, eetkamers, sanitêre akkommodasie, hospitale en ruimtes vir ontspanning wat vir gebruik deur of tot voordeel van seelui of leerling-offisiere verskaf word;
- „vissersboot”, ’n skip wat vir gewin ter see visvang, maar dit omvat geen robbevaarder of walvisvaarder nie;
- „internasionale reis”, in verband met skepe wat in ’n land geregistreer is waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is, beteken dit ’n reis vanaf ’n hawe in een land na ’n hawe in ’n ander land waar een van die twee ’n land is waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is; en
- „kort internasionale reis”, ’n internasionale reis waarop ’n skip nie meer as tweehonderd seemyl vanaf ’n hawe waarin die passasiers of bemanning in veiligheid gebring sou kan word, sal wees nie, en waarop die afstand tussen die laaste aanloophawe van die land waarin die reis ’n aanvang geneem het en die uiteindelijke bestemmingshawe, nie meer as seshonderd seemyl sal wees nie;
- „Minister”, die Minister van Vervoer;
- „passassier”, ’n persoon wat op ’n skip vervoer word, behalwe—

- (a) ’n persoon wat in enige hoedanigheid aan boord van die skip in verband met die besigheid van die skip in diens is of bedrywig is;

## 2. INTERPRETATION.

In these regulations the expression “the Act” means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned, and—

- “buoyant apparatus” means flotation equipment, other than lifebuoys and lifejackets, designed to support persons who are in the water;
- “Class A motor lifeboat” means a lifeboat complying with the requirements of paragraph (1) of regulation 22;
- “Class B motor lifeboat” means a lifeboat complying with the requirements of paragraph (2) of regulation 22;
- “Class C boat” means a boat complying with the requirements of the Sixth Schedule;
- “crew space” means crew accommodation;
- “inflatable liferaft” means an inflatable liferaft complying with the requirements of regulation 25;
- “length” in relation to a ship, means registered length;
- “lifeboat” means a boat complying with the requirements of the Second Schedule;
- “mechanically propelled lifeboat” means a lifeboat, other than a motor lifeboat, complying with the requirements of regulation 23;
- “mile” means a nautical mile of 6,080 feet;
- “passenger space” means space provided for the use of passengers;
- “person” means a person over the age of one year;
- “portable fire extinguisher”, in respect of a carbon dioxide fire extinguisher means a fire extinguisher with a capacity of not more than 15 pounds of carbon dioxide, in respect of a carbon tetrachloride fire extinguisher means a fire extinguisher with a nominal fluid capacity of one quart, and in respect of any other fire extinguisher means a fire extinguisher with a capacity of not more than 3 gallons and not less than 2 gallons of fluid;
- “tanker” means a ship constructed or adapted for the carriage in bulk of liquid cargoes of an inflammable nature;
- “tons” means gross register tons.

[NOTE.—Section two of the Act includes the following definitions:—

- “crew accommodation” includes sleeping rooms, store rooms, galleys, mess rooms, sanitary accommodation, hospitals and recreation spaces provided for use by or for the benefit of seamen and apprentice-officers;
- “fishing boat” means any ship engaged in sea fishing for profit, but does not include any sealing boat or whaling boat;
- “international voyage”, when used with reference to ships registered in a country to which the Safety Convention applies, means a voyage from a port in one country to a port in another country either of those countries being a country to which the Safety Convention applies; and “short international voyage” means an international voyage in the course of which a ship is not more than two hundred nautical miles from a port in which the passengers and crew could be placed in safety, and which does not exceed six hundred nautical miles in length between the last port of call in the country in which the voyage begins and the final port of destination;
- “Minister” means the Minister of Transport;
- “passenger” means any person carried in a ship, except—

- (a) a person employed or engaged in any capacity on board the ship on the business of the ship;

(b) 'n persoon wat aan boord van die skip is of ingevolge die verpligting wat hierdie Wet die gesagvoerder opleë om skipbreukelinge, mense in nood of ander persone te vervoer, of vanweë enige omstandigheid wat nóg die gesagvoerder nóg die eienaar nóg die bevrachter (as daar een is) kon voorkom het nie; en

(c) 'n kind wat onder een jaar oud is;

„passasierskip”, 'n skip wat meer as twaalf passasiers vervoer;

„Veiligheidskonvensie”, die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See wat op die tiende dag van Junie 1948 in London onderteken is, en waarvan 'n vertaling in die Tweede Bylae van hierdie Wet opgeneem is, en enige wysiging daarvan;

„robbevaarder”, 'n skip wat uitsluitend vir robbevangs gebruik word;

„Sekretaris”, die Sekretaris van Vervoer;

„skip,” enige soort vaartuig wat in navigasie gebruik word en nie deur middel van roeispane voortbeweeg word nie;

„walvisvaarder met landbasis”, 'n walvisvaarder wat sy gehele vangs vir verwerking in 'n fabriek wat aan wal in die Unie opgerig is, aflewer.]

### 3. TOEPASSING.

Hierdie regulasies is van toepassing op—

(a) alle skepe geregistreer of gelisensieer in die Unie of wat ingevolge die Wet vereis word om sodanig geregistreer of gelisensieer te wees, waar sodanige skepe ook al mag wees; en

(b) ander skepe terwyl hulle hul in enige hawe van die Unie bevind: Met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie van toepassing is op plesierjagte van minder as 25 ton nie.

[OPMERKING.—Die aandag word gevestig op artikel tweehonderd drie-en-veertig van die Wet ingevolge waarvan hierdie bepalings nie van toepassing is op skepe wat nie in die Unie geregistreer is nie indien hulle hul binne die Unie of die Unie se territoriale waters bevind vanweë weers- of enige ander omstandighede wat nóg die gesagvoerders nóg die eienaars nóg die bevrachters (as daar is) kon vermy of voorkom het nie.]

### 4. KLASSIFIKASIE VAN SKEPE.

Die skepe waarop hierdie regulasies van toepassing is, word in die volgende klasse ingedeel:—

#### (a) Passasierskepe.

Klas I.—Passasierskepe wat gebruik word op reise enige waarvan internasionale reise is, uitgesonderd kort internasionale reise.

Klas II.—Passasierskepe, uitgesonderd skepe van Klas I, wat gebruik word op reise enige waarvan kort internasionale reise is.

Klas IIA.—Passasierskepe, uitgesonderd skepe van Klas VI, wat gebruik word op reise van enige aard, uitgesonderd internasionale reise.

Klas III.—Nog nie toegewys nie.

Klas IV.—Nog nie toegewys nie.

Klas V.—Nog nie toegewys nie.

Klas VI.—Passasierskepe wat slegs gebruik word op reise van die volgende soort:—

(a) Reise met hoogstens 250 passasiers aan boord, ter see of in gedeeltelike kalm water, in albei gevalle in gunstige weer, gedurende welke reise die skepe op geen tydstip meer as 15 myl uitgesonderd enige kalm water, van hulle afreisepunt af of meer as 5 myl van die land is nie; of

(b) reise op kalm water.

(b) a person on board the ship either in pursuance of the obligation laid upon the master to carry shipwrecked, distressed or other persons or by reason of any circumstance that neither the master nor the owner nor the charterer (if any) could have prevented; and

(c) a child under one year of age;

“passenger ship” means a ship which carries more than twelve passengers;

“Safety Convention” means the International Convention for the Safety of Life at Sea signed in London on the tenth day of June, 1948, and set out in the Second Schedule hereto, and any amendment thereof;

“sealing boat” means any ship exclusively employed in seal-catching;

“Secretary” means the Secretary for Transport;

“ship” means any kind of vessel used in navigation not propelled by oars;

“shore-based whaling boat” means a whaling boat which delivers the whole of its catch to be processed in a factory established ashore in the Union.]

### 3. APPLICATION.

These regulations shall apply to—

(a) all ships registered or licensed in the Union or which in terms of the Act are required to be so registered or licensed, wherever such ships may be; and

(b) other ships while they are within any port in the Union. Provided that this sub-paragraph shall not apply to pleasure yachts of less than twenty-five tons.

[NOTE.—Attention is invited to section two hundred and fifty-three of the Act in terms of which these provisions shall not apply to ships not registered in the Union if they are within the Union or the territorial waters thereof due to stress of weather or any other circumstances that neither the masters nor the owners nor the charterers (if any) could have prevented or forestalled.]

### 4. CLASSIFICATION OF SHIPS.

The ships to which these regulations apply shall be divided into the following classes:—

#### (a) Passenger Ships.

Class I.—Passenger ships engaged on voyages any of which are international voyages other than short international voyages.

Class II.—Passenger ships, other than ships of Class I, engaged on voyages any of which are short international voyages.

Class IIA.—Passenger ships, other than ships of

Class VI, engaged on voyages of any kind other than international voyages.

Class III.—Not yet allocated.

Class IV.—Not yet allocated.

Class V.—Not yet allocated.

Class VI.—Passenger ships engaged only on voyages of the following descriptions:—

(a) Voyages with not more than 250 passengers on board, to sea or in partially smooth waters, in either case in fine weather, in the course of which voyages the ships are at no time more than 15 miles, exclusive of any smooth waters, from their point of departure nor more than 5 miles from land; or

(b) voyages in smooth waters.



*(b) Skepe, uitgesonderd passasierskepe.*

Klas VII.—Skepe (uitgesonderd skepe van Klas VIIA, IX, X, XI en XII) wat gebruik word op reise enige waarvan internasionale reise is, uitgesonderd kort internasionale reise.

Klas VIIA.—Skepe, uitgesonderd walvisvaarders met 'n landbasis, wat gebruik word in die walvisnywerheid.

Klas VIII.—Skepe (uitgesonderd skepe van Klas X, XI en XII) wat gebruik word op reise tussen Uniehawens of op kort internasionale reise.

Klas IX.—Sleepbote, verbindingsbote, barkasbote, ligters, baggerskepe, trek- en baggerskuite wat gebruik word by Uniehawens en wat kort afstande ter see uitvaar.

Klas IXA.—Sleepbote, verbindingsbote, barkasbote, ligters, baggerskepe, trek- en baggerskuite wat gebruik word by Uniehawens, maar wat nie ter see gaan nie.

Klas X.—Vissersbote, robbevaarders en walisvaarders met 'n landbasis.

Klas XI.—Seilskepe (uitgesonderd skepe van Klas X en XII) wat ter see gaan.

Klas XII.—Plesierjagte.

## DEEL I.—REDDINGSUITRUSTING.

## HOOFSTUK I.—REDDINGSUITRUSTING VIR DIE ONDERSKEIE KLASSE SKEPE.

## 5. SKEPE VAN KLAS I.

(1) Elke Klas I-skip moet, behoudens die bepalings van regulasie 49, in ooreenstemming met die lengte van die skip, toegerus wees met die getal stelle davits genoem in kolom A van die Tabel in die Eerste Bylae: Met dien verstande dat van geen skip vereis word om toegerus te wees met 'n groter getal stelle davits as die getal reddingsbote nodig om die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, op te neem nie.

(2) Aan elke sodanige stel davits moet 'n reddingsboot bevestig wees.

(3) Elke Klas I-skip moet twee bote, bevestig aan davits, aan boord hê—een aan elke kant van die skip—vir gebruik in 'n noodgeval. Hierdie bote moet nie langer as 26 voet wees nie. Hulle kan, vir die toepassing van hierdie regulasie, as reddingsbote beskou word, indien hulle voldoen aan die vereistes van hierdie Deel, wat van toepassing is op reddingsbote, behalwe dat in skepe waar aan die vereistes van paragraaf (11) van regulasie 39 voldoen word deur middel van toestelle wat aan die kante van die reddingsbote aangebring is, daar nie vereis word dat sodanige toestelle aan hierdie twee noodbote aangebring word nie.

(4) Waar die reddingsbote wat aan boord is, ooreenkomstig die voorafgaande bepalings van hierdie regulasie, nie die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te dra, kan opneem nie, moet, sover doenlik onder dié omstandighede addisionele stelle davits met reddingsbote daaraan bevestig aangebring word, om die tekort in sodanige akkommodasie aan te vul. Indien dit onprakties is om sodanige addisionele stelle davits aan te bring, moet addisionele reddingsbote, voldoende om die genoemde tekort aan te vul, onder elke of enige van die reddingsbote bevestig aan davits, gedra word, maar moet nie onder die twee noodbote wat ooreenkomstig paragraaf (3) aan boord is, gedra word nie.

(5) Die reddingsbote wat ooreenkomstig hierdie regulasie aan boord moet wees, moet minstens 24 voet lank wees.

(6) Waar die getal reddingsbote, wat ooreenkomstig hierdie regulasie aan boord moet wees, 20 of meer is, moet twee sodanige reddingsbote Klas A-motorreddingsbote wees.

(7) Waar die getal reddingsbote, wat ooreenkomstig hierdie regulasie aan boord moet wees, meer as 13, maar minder as 20 is, moet een van sodanige reddingsbote 'n

*(b) Ships other than Passenger Ships.*

Class VII.—Ships (other than ships of Classes VIIA, IX, X, XI and XII) engaged on voyages any of which are international voyages other than short international voyages.

Class VIIA.—Ships engaged in the whaling industry, other than shore-based whaling boats.

Class VIII.—Ships (other than ships of Classes X, XI and XII) engaged on voyages between ports in the Union or on short international voyages.

Class IX.—Tugs, tenders, launches, lighters, dredgers, barges and hoppers which are employed at ports in the Union and proceed for short distances to sea.

Class IXA.—Tugs, tenders, launches, lighters, dredgers, barges and hoppers which are employed at ports in the Union and do not proceed to sea.

Class X.—Fishing boats, sealing boats and shore-based whaling boats.

Class XI.—Sailing ships (other than ships of Classes X and XII) which proceed to sea.

Class XII.—Pleasure yachts.

## PART I.—LIFE-SAVING APPLIANCES.

## CHAPTER I.—LIFESAVING APPLIANCES FOR THE RESPECTIVE CLASSES OF SHIPS.

## 5. SHIPS OF CLASS I.

(1) Every Class I ship shall, subject to the provisions of regulation 49, be fitted in accordance with its length, with the number of sets of davits specified in column A of the Table set out in the First Schedule: Provided that no ship shall be required to be fitted with a number of sets of davits greater than the number of lifeboats required to accommodate the total number of persons the ship is certified to carry.

(2) A lifeboat shall be attached to every such set of davits.

(3) Every Class I ship shall carry two boats attached to davits—one on each side of the ship—for use in an emergency. These boats shall be not more than 26 feet in length. They may be counted as lifeboats for the purposes of this regulation if they comply with the requirements of this Part applying to lifeboats, except that in ships in which the requirements of paragraph (11) of regulation 39 are met by means of appliances fitted to the sides of the lifeboats, such appliances shall not be required to be fitted to these two emergency boats.

(4) Where the lifeboats carried in compliance with the foregoing provisions of this regulation will not accommodate the total number of persons which the ship is certified to carry, additional sets of davits with lifeboats attached shall be fitted as far as is practicable in the circumstances to make up the deficiency in such accommodation. If it is impracticable to fit such additional sets of davits, additional lifeboats, sufficient to make up the said deficiency shall be carried under each or any of the lifeboats attached to davits, but shall not be carried under the two emergency boats carried in compliance with paragraph (3).

(5) The lifeboats carried in compliance with this regulation shall be not less than 24 feet in length.

(6) Where the number of lifeboats carried in compliance with this regulation is 20 or more, two of such lifeboats shall be Class A motor lifeboats.

(7) Where the number of lifeboats carried in compliance with this regulation is more than 13 but less than 20, one of such lifeboats shall be a Class A motor lifeboat

Klas A-motorreddingsboot en 'n tweede van sodanige reddingsbote of 'n Klas A- motorreddingsboot of 'n Klas B-motorreddingsboot of 'n meganiesaangedrewe reddingsboot wees.

(8) Waar die getal reddingsbote wat, ooreenkomstig hierdie regulasie aan boord moet wees 13 of minder is, moet een van sodanige reddingsbote 'n Klas A-motorreddingsboot, of 'n Klas B- motorreddingsboot of 'n meganies aangedrewe reddingsboot wees.

(9) Elke Klas A-motorreddingsboot moet voorsien wees van die uitrusting in regulasie 34 genoem.

(10) Elke Klas I-skip wat nie twee Klas A-motorreddingsbote, voorsien van uitrusting genoem in regulasie 34, aan boord het nie, moet draagbare radiotelegrafiese uitrusting, wat voldoen aan die vereistes van regulasie 44, aan boord hê.

(11) Elke Klas I-skip moet drywende toestelle aan boord hê wat voldoende is om 25 persent van die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, op te neem.

(12) Elke Klas I-skip moet minstens die getal reddingsboeie aan boord hê soos vasgestel ooreenkomstig die volgende tabel:—

| <i>Lengte van skip in voet.</i>      | <i>Minimum getal reddingsboeie.</i> |
|--------------------------------------|-------------------------------------|
| Minder as 200.....                   | 8                                   |
| 200 of meer, maar minder as 400..... | 12                                  |
| 400 of meer, maar minder as 600..... | 18                                  |
| 600 of meer, maar minder as 800..... | 24                                  |
| 800 of meer.....                     | 30                                  |

(OPMERKING.—Die aandag word gevestig op regulasie 29 wat handel oor die getal reddingsboeie wat met selfontbrandende ligte en met lyne toegerus moet word.)

(13) Elke Klas I-skip moet deurgaans voorsien wees van seine wat met elektrisiteit werk en wat vanaf die brug beheer word om passasiers na monsterposte te ontbied.

(14) Elke Klas I-skip moet een reddingsbuis vir elke persoon wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, aan boord hê.

(15) Elke Klas I-skip moet 'n lynwerptoestel aan boord hê.

## 6. SKEPE VAN KLAS II.

(1) Elke Klas II-skip moet, behoudens die bepalings van paragraaf (b) en van regulasie 49 en in ooreenstemming met die lengte van die skip, toegerus wees met die getal stelle davits genoem in kolom A van die Tabel in die Eerste Bylae: Met dien verstande dat van geen skip vereis word om toegerus te wees met 'n groter getal stelle davits as die getal reddingsbote nodig om die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, op te neem nie.

(2) 'n Reddingsboot moet aan elke sodanige stel davits bevestig wees en die reddingsbote so bevestig, moet altesaam, behoudens die bepalings van paragraaf (6), minstens die draagvermoë genoem in kolom C van die tabel uiteengesit in die Eerste Bylae, voorsien.

(3) Elke Klas II-skip moet twee bote, bevestig aan davits, aan boord hê—een aan elke kant van die skip—vir gebruik in 'n noodgeval. Hierdie bote moet nie langer as 26 voet wees nie. Hulle kan as reddingsbote beskou word vir die toepassing van hierdie regulasie indien hulle voldoen aan die vereistes van hierdie Deel wat op reddingsbote van toepassing is, behalwe dat in skepe waar aan die vereistes van paragraaf (11) van regulasie 39 voldoen word deur middel van toestelle wat aan die kante van die reddingsbote aangebring is, daar nie vereis word dat sodanige toestelle aan hierdie twee noodbote aangebring word nie.

(4) Waar die reddingsbote, wat ooreenkomstig die vooraangaande bepalings van hierdie regulasie aan boord is, nie die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, kan opneem nie, moet, behoudens die bepalings van paragrafe (5) en (6), sover doenlik onder dié omstandighede, addisionele stelle davits met reddingsbote daaraan bevestig, aangebring word om die tekort in sodanige akkommodasie aan te vul. Indien dit

and a second of such lifeboats shall be either a Class A motor lifeboat or a Class B motor lifeboat or a mechanically propelled lifeboat.

(8) Where the number of lifeboats carried in compliance with this regulation is 13 or less, one of such lifeboats shall be a Class A motor lifeboat, or a Class B motor lifeboat or a mechanically propelled lifeboat.

(9) Every Class A motor lifeboat shall be provided with the equipment specified in regulation 34.

(10) Every Class I ship which does not carry two Class A motor lifeboats provided with the equipment specified in regulation 34, shall carry portable radio-telegraph equipment which shall comply with the requirements of regulation 44.

(11) Every Class I ship shall carry buoyant apparatus sufficient to support 25 per cent of the total number of persons the ship is certified to carry.

(12) Every Class I ship shall carry at least the number of lifebuoys determined in accordance with the following table:—

| <i>Length of Ship in Feet.</i>  | <i>Minimum Number or Lifebuoys.</i> |
|---------------------------------|-------------------------------------|
| Under 200.....                  | 8                                   |
| 200 or over, but under 400..... | 12                                  |
| 400 or over, but under 600..... | 18                                  |
| 600 or over but, under 800..... | 24                                  |
| 800 or over.....                | 30                                  |

(NOTE.—Attention is invited to regulation 29 dealing with the number of lifebuoys which shall be fitted with self-igniting lights and with lines).

(13) Every Class I ship shall be provided throughout with electrically operated signals controlled from the bridge for summoning passengers to muster stations.

(14) Every Class I ship shall carry one lifejacket for each person the ship is certified to carry.

(15) Every Class I ship shall carry a line-throwing appliance.

## 6. SHIPS OF CLASS II.

(1) Every Class II ship shall, subject to the provisions of paragraph (6) and of regulation 49, be fitted, in accordance with its length, with the number of sets of davits specified in column A of the table set out in the First Schedule: Provided that no ship shall be required to be fitted with a number of sets of davits greater than the number of lifeboats required to accommodate the total number of persons which the ship is certified to carry.

(2) A lifeboat shall be attached to every such set of davits and the lifeboats so attached shall, subject to the provisions of paragraph (6), together provide at least the capacity specified in column C of the table set out in the First Schedule.

(3) Every Class II ship shall carry two boats attached to davits—one on each side of the ship—for use in an emergency. These boats shall be not more than 26 feet in length. They may be counted as lifeboats for the purposes of this regulation if they comply with the requirements of this Part applying to lifeboats, except that in ships in which the requirements of paragraph (11) of regulation 39 are met by means of appliances fitted to the sides of the lifeboats, such appliances shall not be required to be fitted to these two emergency boats.

(4) Subject to the provisions of paragraphs (5) and (6), where the lifeboats carried in compliance with the foregoing provisions of this regulation will not accommodate the total number of persons the ship is certified to carry, additional sets of davits with lifeboats attached shall be fitted as far as is practicable in the circumstances to make up the deficiency in such accommodation. If it is imprac-



onprakties is om sodanige addisionele stelle davits aan te bring, moet addisionele reddingsbote, voldoende om die genoemde tekort aan te vul, onder elkeen of enige van die reddingsbote bevestig aan davits, gedra word, maar moet nie onder die twee noodbote wat ooreenkomstig paragraaf (3) aan boord is, gedra word nie.

(5) Indien die Minister die mening toegedaan is dat die drukte van die verkeer dit genoodsaak, kan hy enige Klas II-skip wat, ooreenkomstig die bepalings van Deel III van die Eerste Bylae tot die Regulasies in verband met Konstruksie, 1960, onderverdeel is, toelaat om meer persone te vervoer as wat die reddingsbootinhoud aan boord daardie skip ooreenkomstig paragraaf (2) voorsiening voor maak: Met dien verstande dat—

(a) indien sodanige skip deur die Minister kragtens subartikel (3) van artikel tweehonderd van die Wet toegelaat word om ter see te gaan vanaf 'n hawe in die Unie op 'n internasionale reis waarop die afstand tussen die laaste aanloophawe in die Unie en die uiteindelijke bestemmingshawe hoogstens 1.200 myl is, moet sodanige skip reddingsbote, bevestig aan davits of geberg onder reddingsbote wat aan davits bevestig is, aan boord hê wat akkommodasie vir 75 persent van die persone aan boord kan verskaf; en

(b) oppompbare reddingsvlotte moet in alle gevalle aan boord wees sodat die totale getal reddingsbote tesame met sodanige oppompbare reddingsvlotte voldoende sal wees om die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, op te neem.

(6) Waar die Minister daarvan oortuig is dat dit vir 'n skip wat op 'n kort internasionale reis of op 'n reis wat nie 'n internasionale reis is nie gebruik word, onprakties is om, ooreenkomstig paragraaf (5), oppompbare reddingsvlotte op 'n bevredigende wyse te berg sonder om die getal reddingsbote te verminder, kan hy toelaat dat die getal stelle davits wat deur paragraaf (1) en regulasie 49 vereis word en die getal reddingsbote bevestig aan davits wat deur paragraaf (2) vereis word, verminder word: Met dien verstande dat—

(a) die getal reddingsbote bevestig aan davits altyd minstens twee moet wees waarvan een aan elke kant van die skip gedra moet word; en

(b) die getal reddingsbote en oppompbare reddingsvlotte altyd voldoende moet wees om die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, op te neem.

(7) Die reddingsbote wat ooreenkomstig hierdie regulasie aan boord moet wees, moet minstens 24 voet lank wees.

(8) Waar die getal reddingsbote aan boord ooreenkomstig hierdie regulasie, 20 of meer is, moet twee sodanige reddingsbote Klas A-motorreddingsbote wees.

(9) Waar die getal reddingsbote aan boord ooreenkomstig hierdie regulasie meer as 13 maar minder as 20 is, moet een van sodanige reddingsbote 'n Klas A-motorreddingsboot en 'n tweede of 'n Klas A-motorreddingsboot of 'n Klas B-motorreddingsboot of 'n meganiesaangedrewe reddingsboot wees.

(10) Waar die getal reddingsbote aan boord ooreenkomstig hierdie regulasie, 13 of minder is en die skip toegerus is met minstens die minimum getal stelle davits vasgestel deur kolom B van die tabel in die Eerste Bylae, moet een van sodanige reddingsbote 'n Klas A-motorreddingsboot of 'n Klas B-motorreddingsboot of 'n meganiesaangedrewe reddingsboot wees.

(11) Waar die getal reddingsbote aan boord ooreenkomstig hierdie regulasie, 13 of minder is en die skip ooreenkomstig paragraaf (6) met minder as die minimum getal stelle davits bepaal in kolom B van die tabel in die Eerste Bylae, toegerus is, moet een van sodanige reddingsbote 'n Klas A-motorreddingsboot of 'n Klas B-motorreddingsboot wees en 'n tweede moet of 'n Klas A-motorreddingsboot of 'n Klas B-motorreddingsboot of 'n meganiesaangedrewe reddingsboot wees.

tlicable to fit such additional sets of davits, additional lifeboats sufficient to make up the said deficiency shall be carried under each or any of the lifeboats attached to davits, but shall not be carried under the two emergency boats carried in compliance with paragraph (3).

(5) If the Minister considers that the volume of traffic necessitates it, he may permit any Class II ship, being a ship which is subdivided in accordance with the provisions of Part III of the First Schedule to the Construction Regulations, 1960, to carry persons in excess of the lifeboat capacity provided on board that ship in compliance with paragraph (2): Provided that—

(a) if such ship is permitted by the Minister in terms of sub-section (3) of section two hundred of the Act, to proceed to sea from a port in the Union on an international voyage not exceeding 1,200 miles between the last port of call in the Union and the final port of destination, such a ship shall carry lifeboats attached to davits or stowed under lifeboats attached to davits affording accommodation for 75 per cent of the persons on board; and

(b) in all cases inflatable liferafts shall be carried so that the total number of lifeboats together with such inflatable liferafts shall be sufficient to accommodate the total number of persons which the ship is certified to carry.

(6) Where the Minister is satisfied that it is impracticable in a ship engaged on a short international voyage or on a voyage which is not an international voyage, to stow satisfactorily the inflatable liferafts carried in that ship in pursuance of paragraph (5) without reducing the number of lifeboats, he may permit the number of sets of davits required to be fitted by paragraph (1) and regulation 49, and the number of lifeboats attached to davits required by paragraph (2) to be reduced: Provided that—

(a) the number of lifeboats attached to davits shall never be less than two, of which one shall be carried on each side of the ship; and

(2) Every pump operated by power shall be capable of producing a throw of at least forty feet at every nozzle, other than a spray nozzle, when used with any of the fire hoses and nozzles provided in compliance with this Part.

(3) Escape valves shall, whenever necessary, be provided in connection with every pump operated by power and shall be so placed and adjusted as to prevent excessive pressure in any part of the water pipes served by the pump.

(4) In every ship required by this Part to be provided with pumps operated by power, the total pumping capacity of the pumps provided in compliance with that requirement shall not be less than two-thirds of the total pumping capacity of the bilge pumps provided in the ship.

### 93. WATER PIPES AND HYDRANTS.

(1) All water pipes and fire hydrants provided in compliance with this Part shall be so placed that fire hoses may easily be coupled to them. In ships which may carry deck cargo, the hydrants shall be so placed that the deck cargo will not hinder access to them, and the water pipes shall be protected from damage by the cargo.

(2) Water pipes shall not be made of cast iron, and if made of iron or steel shall be galvanised.

(3) Cocks or valves shall be fitted to the water pipes and shall be so arranged that any fire hoses coupled thereto may be removed while fire pumps are in operation.

### 94. FIRE HOSES, NOZZLES, ETC.

(1) Fire hoses provided in compliance with this Part shall not exceed 60 feet in length and shall be made of leather, seamless hemp, closely woven flax canvas, or other suitable material and shall be provided with couplings, conductors and other necessary fittings, and with a plain nozzle of not less than  $\frac{1}{2}$  inch diameter in addition to any spray-nozzle required by this Part.

(2) Every fire hose provided in compliance with this Part, together with the tools and fittings necessary for its use, shall be kept in a conspicuous position near the water hydrants or connections with which it is intended to be used.

(3) Except in partially decked Class VI ships and in Classes X and XII ships, fire hoses provided in compliance with this Part shall not be used for any purpose other than extinguishing fire or testing with fire appliances.

### 95. BRANDEMMERS.

(1) Elke brandemmer wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet rooi geverf wees en moet helder en permanent op 'n wyse gemerk word om te wys dat dit bedoel is vir gebruik in geval van brand; dit wil sê met die Engelse woord „Fire” en die Afrikaanse woord „Vuur”. Elke sodanige emmer moet met water of sand gevul gehou word.

(2) Minstens die helfte van die brandemmers wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet toegerus wees met koorde wat lank genoeg is om die emmers in staat te stel om uit die see vol gemaak te word.

(3) Brandemmers wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet vir geen ander doel as die blus van vuur gebruik word nie.

### 95. BRANDBLUSSERS.

(1) Brandblussers wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet gebou wees in ooreenstemming met die onderskeidelike Bylaes genoem in die tweede kolom van die volgende tabel:—

| Soort blusser.                               | Bylae.             |
|----------------------------------------------|--------------------|
| Nie-draagbare skuim.....                     | Agtiende.          |
| Draagbare of nie-draagbare koolsuurgas-..... | Negentiende.       |
| Draagbare koolstoftetrachloried .....        | Twintigste.        |
| Enige ander soort draagbare blusser.....     | Een-en-twintigste. |

(2) Nie meer as twee soorte draagbare brandblussers moet in die passasiers- en bemanningsruime van enige skip voorsien word nie.

(3) 'n Reserwelading moet voorsien word vir elke draagbare brandblusser wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is.

(4) Brandblussers waarin die blusmiddel vir brand onder druk gehou word, moet nie vir gebruik in passasiers- en bemanningsruime voorsien word nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie Deel, moet die inhoudsvermoë van enige brandblusser, uitgesonderd 'n koolsuurgasbrandblusser, geneem word as die grootste volume van die oplossing wat dit kan bevat wanneer voldoende lugruimte gelaat is om doeltreffende werking van die blusser te verseker.

(6) Vir die toepassing van hierdie Deel, moet die inhoudsvermoë van 'n koolsuurgasbrandblusser geneem word as die swaarste gewig koolsuurgas wat dit in 'n tropiese klimaat sonder gevaar van ontploffing kan hou.

(7) Elke brandblusser wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien word, moet te alle tye ten volle gevul wees.

### 97. SMOORGAS- OF STOOMINSTALLASIES.

(1) Elke pypleidingstelsel wat in 'n skip voorsien is vir die oorbring van smoorgas of stoom, moet in staat wees om beheer te kan word met kleppe of krane wat gesluit kan word en wat vanaf die dek maklik toeganklik sal wees. Hierdie krane of kleppe moet duidelik en permanent gemerk wees om aan te dui watter afdelings hulle bedien. Elke pypleidingstelsel wat 'n afdeling bedien waartoe passasiers toegang mag hê, moet toegerus wees met 'n addisionele kraan of klep wat gesluit kan word.

(2) Die pypleiding moet so ingerig wees dat dit die smoorgas of stoom op die doeltreffendste wyse versprei. Waar nodig vir daardie doel, moet minstens twee pype in die vragruime voorsien word, een in die voorste gedeelte van die ruim en die ander in die agterste gedeelte. Behalwe in tankskepe en skepe wat gebruik word vir die vervoer van steenkool, moet pype vir die oorbring van stoom toegerus wees met uitlaatenings so laag as moontlik in die ruim wat hulle bedien.

(3) Op tankskepe moet die pypleidingstelsel sodanig ingerig wees dat die stoom of brandsmoorgas oor die oppervlakte van die vrag versprei kan word.

(4) Wanneer koolsuurgas verskaf word as blusmiddel wat deur middel van 'n pypleidingstelsel in die ketelkamer uitgespuut word, moet die stelsel voldoen aan die bepalings van die Twee-en-twintigste Bylae en die hoeveelheid gas beskikbaar moet voldoende wees om ooreen te kom met 'n minimum volume vrye gas wat gelyk is aan 30 persent van die bruto volume van die grootste ketelkamer gemeet tot by die bodeel van die ketels.

### 95. FIRE BUCKETS.

(1) Every fire bucket provided in compliance with this Part shall be painted red and shall be clearly and permanently marked in such a way as to show it is intended for use in case of fire; that is with the English word “FIRE” and with the Afrikaans word “Vuur”. Every such bucket shall be kept filled with sand or water.

(2) At least half the number of fire buckets provided in compliance with this Part, shall be fitted with lanyards of sufficient length to enable the buckets to be filled from the sea.

(3) Fire buckets provided in compliance with this Part shall not be used for any purpose other than extinguishing fire.

### 96. FIRE EXTINGUISHERS.

(1) Fire extinguishers provided in compliance with this Part shall be constructed in accordance with the Schedules respectively specified in the second column of the following table:—

| Type of Extinguisher.                        | Schedule.     |
|----------------------------------------------|---------------|
| Non-portable froth.....                      | Eighteenth.   |
| Portable or non-portable carbon dioxide..... | Nineteenth.   |
| Portable carbon tetrachloride .....          | Twentieth.    |
| Any other type of portable extinguisher..... | Twenty-first. |

(2) Not more than two types of portable fire extinguishers shall be provided in the passenger and crew spaces of any ship.

(3) A spare charge shall be provided for every portable fire extinguisher provided in compliance with this Part.

(4) Fire extinguishers in which the substance for extinguishing fire is stored under pressure shall not be provided for use in passenger spaces or crew spaces.

(5) For the purposes of this Part the capacity of any fire extinguisher other than a carbon dioxide fire extinguisher shall be taken to be the greatest volume of solution which it can contain when sufficient air space is left to ensure the proper operation of the extinguisher.

(6) For the purposes of this Part the capacity of a carbon dioxide fire extinguisher shall be taken to be the greatest weight of carbon dioxide which it can, without danger of exploding, contain in a tropical climate.

(7) Every fire extinguisher provided in compliance with this Part shall at all times be kept fully charged.

### 97. SMOTHERING-GAS OR STEAM INSTALLATIONS.

(1) Every piping system provided in a ship for conveying smothering-gas or steam, shall be capable of being controlled by valves or cocks which shall be capable of being locked and shall be readily accessible from the deck. Such cocks or valves shall be clearly and permanently marked to indicate the compartments which they serve. Every piping system which serves a compartment to which passengers may have access, shall be fitted with an additional cock or valve capable of being locked.

(2) The piping shall be so arranged as to distribute the smothering-gas or steam in an efficient manner. Where necessary for that purpose at least two pipes shall be provided in cargo spaces one in the forward part of the space and the other in the after part. Except in tankers and ships used for the conveyance of coal, pipes for conveying steam shall be fitted with outlets as low as practicable in the space which they serve.

(3) In tankers, the piping system shall be so arranged that the steam or fire smothering-gas will be distributed over the surface of the cargo.

(4) When carbon dioxide is provided as an extinguishing medium discharged into boiler rooms by a piping system, the system shall comply with the provisions of the Twenty-second Schedule and the quantity of gas available shall be sufficient to give a minimum volume of free gas equal to 30 per cent of the gross volume of the largest boiler room measured to the top of the boilers.



Indien die masjien- en ketelkamers nie deur 'n beskot van mekaar geskei is nie en brandstofolie vanaf die ketelkamer na die masjienruim kan deurlek, moet die masjien- en ketelkamers gesamentlik, vir die toepassing van hierdie paragraaf, as een oppervlakte beskou word.

(5) Vir die doel van die vasstelling van die hoeveelheid vloeibare koolsuurgas wat nodig is om die volume smoor-gas op te lewer, moet dit geag word dat 1 lb. vloeibare koolsuurgas 9 kubieke voet gas oplewer.

(6) Middels moet voorsien word om hoorbare waarskuwing te gee wanneer koolsuurgas na enige werkruimte vrygelaat gaan word.

### 93. AFSKAKELING VAN WAAIERS EN SLUITING VAN OPENINGS.

Middels moet op elke skip voorsien word vir die vinnige afskakeling van waaiers en sluiting van alle openings wat lug kan toelaat tot ruimtes waarin 'n pyp-leidingstelsel vir die uitspuiting van smoorgas, stoom of skuim aangebring is. Die middels vir die afskakeling van waaiers moet buite sulke ruimtes geleë wees.

### 99. VEILIGHEIDSLAMPE.

Elke veiligheidslamp wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet met 'n elektriese battery werk en moet in staat wees om vir 'n tydperk van minstens drie uur te brand.

### 100. PLASING VAN BEWEEGBARE BRANDTOESTELLE.

Alle beweegbare brandtoestelle uitgesonderd brandweermansuitrustings, wat ooreenkomstig hierdie Deel voorsien is, moet so geberg word dat dit maklik toeganklik is vanaf die ruimtes waar hulle gebruik moet word, en veral brandblussers moet na aan die ingange van die ruimtes waar hulle gebruik moet word, geplaas word.

## HOOFTUK XII.—GELYKWAARDIGHEDE EN VRYSTELLINGS.

### 101. OUTORITEIT VAN MINISTER EN SEKRETARIS.

(1) Enige gelykwaardigheid of vrystelling wat kragtens hierdie Deel geoorloof is, kan soos volg toegelaat of toegestaan word:—

(a) deur die Minister ten opsigte van die volgende skepe—

- (i) passasiersskepe wat op internasionale reise of vir spesiale passasiersvervoer gebruik word; en
- (ii) skepe, uitgesonderd passasiersskepe, van 500 ton of groter wat op internasionale reise gebruik word;

(b) deur die Sekretaris ten opsigte van die volgende skepe—

- (i) passasiersskepe wat nie op internasionale reise gebruik word nie;
- (ii) skepe, uitgesonderd passasiersskepe, van minder as 500 ton wat op internasionale reise gebruik word; en
- (iii) skepe, uitgesonderd passasiersskepe, wat nie op internasionale reise gebruik word nie.

(2) Die Minister of Sekretaris na gelang van die geval, moet, wanneer hy ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (1) handel, sodanige voorwaardes wat hy nodig mag ag, opleë.

### 102. GELYKWAARDIGHEDE.

Waar hierdie Deel vereis dat 'n besondere uitrusting, toestel of apparaat of 'n tipe daarvan aangebring of aan boord 'n skip gehou moet word, of dat enige besondere voorsiening gemaak moet word, kan die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, toelaat dat enige ander uitrusting, toestel of apparaat of 'n tipe daarvan aangebring of aan boord gehou word, of dat enige ander voorsiening in daardie skip gemaak word, indien hy oortuig is dat sodanige ander uitrusting, toestel of apparaat of 'n tipe daarvan, of voorsiening minstens net so doeltreffend is as wat hierdie Deel verlang.

If the engine and boiler rooms are not separated by a bulkhead and fuel oil may drain from the boiler room into the engine room bilges, the combined engine and boiler rooms shall, for the purposes of this paragraph, be regarded as a single area.

(5) For the purpose of determining the quantity of liquified carbon dioxide required to produce the volume of of smothering-gas, 1 lb. of liquified carbon dioxide shall be deemed to produce 9 cubic feet of gas.

(6) Means shall be provided for giving audible warning when carbon dioxide is about to be released into any working space.

### 98. STOPPING OF FANS AND CLOSING OF OPENINGS.

In every ship means shall be provided for rapidly stopping all fans and closing all openings which might admit air to spaces provided with a piping system for the discharge of smothering-gas, steam or froth. The means for stopping the fans shall be situated outside such spaces.

### 99. SAFETY LAMPS.

Every safety lamp provided in compliance with this Part shall be operated by an electric battery and be capable of burning for a period of at least three hours.

### 100. STOWAGE OF MOVEABLE FIRE APPLIANCES.

All moveable fire appliances, other than firemen's outfit's, provided in compliance with this Part shall be stowed where they will be readily accessible from the spaces in which they are intended to be used, and, in particular, fire extinguishers shall be stowed near the entrances to the spaces in which they are intended to be used.

## CHAPTER XII.—EQUIVALENTS AND EXEMPTIONS.

### 101. AUTHORITY OF MINISTER AND SECRETARY.

(1) Any equivalent or exemption which is permissible under this Part, may be allowed or granted as follows:—

(a) By the Minister in respect of the following ships:—

- (i) Passenger ships engaged on international voyages or on any special passenger trade; and
- (ii) ships, other than passenger ships, of 500 tons and upwards, engaged on international voyages;

(b) by the Secretary in respect of the following ships:—

- (i) Passenger ships which do not engage on international voyages;
- (ii) ships, other than passenger ships, of less than 500 tons, engaged on international voyages; and
- (iii) ships, other than passenger ships, which do not engage on international voyages.

(2) The Minister or the Secretary as the case may be, shall when acting in accordance with the provisions of paragraph (1), impose such conditions as he may deem necessary.

### 102. EQUIVALENTS.

Where this Part requires that a particular fitting, appliance or apparatus, or type thereof, shall be fitted or carried in a ship, or that any particular provision shall be made, the Minister or the Secretary as the case may be may allow any other fitting, appliance or apparatus, or type thereof, to be fitted or carried, or any other provision to be made in that ship if he is satisfied that that other fitting, appliance or apparatus, or type thereof, or provision, is at least as effective as that required by this Part.

**103. VRYSTELLING VAN SKEPE TEN OPSIGTE VAN BRAND-ALARM- OF BRANDOPSPORINGSTELSEL.**

Die Minister kan enige Klas I of II skip van die voorskrifte van paragraaf (2) van regulasie 55, gelees met regulasie 65, vrystel, indien hy oortuig is dat die reise wat die skip onderneem van sodanige korte duur is dat voldoening aan die bogemelde voorskrifte onredelik sal wees.

**104. VRYSTELLING VAN PASSASIEERSKEPE TEN OPSIGTE VAN TOESTELLE VIR BRANDSMOORGAS.**

Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan enige Klas I, II of IIA skip vrystel van die voorskrifte van paragraaf (2) van regulasie 57, gelees met regulasies 65 en 66, as hy oortuig is dat die reise wat die skip onderneem van sodanige korte duur is dat voldoening aan die bogemelde voorskrifte onredelik sal wees.

**105. VRYSTELLING VAN PASSASIEERSKEPE TEN OPSIGTE VAN SKUIMINSTALLASIES.**

Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan enige Klas I, II of IIA skip vrystel van die voorskrifte van paragraaf (4) van regulasie 59, gelees met regulasies 65 en 66, as hy oortuig is dat die ketelkamer en die ruimtes wat die brandstofolie-installasie bevat, voldoende deur 'n permanente pypleidingstelsel vir die uitspuiting van smoorgas of water onder 'n hoë druk, beskerm word.

**106. VRYSTELLING VAN SKEPE, UITGESONDERD PASSASIEERSKEPE, TEN OPSIGTE VAN TOESTELLE VIR BRANDSMOORGAS.**

Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan enige Klas VII of VIIA-skip, uitgesonderd 'n tenkskip, van die voorskrifte van regulasie 76, gelees met regulasie 83, vrystel indien hy oortuig is dat—

- (a) die ruime daarin voorsien is van staalluikdeksels en doeltreffende afsluiting vir alle ventilators en ander openinge wat na die ruime lei; of
- (b) die skip gebou is en uitsluitlik gebruik word vir die vervoer van erts of steenkool; of
- (c) om nakoming van die voorskrifte van die bogemelde regulasie te vereis, dit onredelik sou wees as gevolg van die korte duur van die reise waarop die skip gebruik word.

**107. VRYSTELLING VAN SKEPE, UITGESONDERD PASSASIEERSKEPE, TEN OPSIGTE VAN SKUIMINSTALLASIES.**

(1) Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan enige Klas VII, VIIA, VIII, IX of IXA-skip van die voorskrifte van paragraaf (4) van regulasie 81, gelees met regulasies 83, 84 en 88, en enige Klas VIII of IX of IXA-skip van 500 ton of groter, maar onder 1,000 ton, van die voorskrifte van paragraaf (4) van regulasie 85, gelees met regulasie 88, vrystel: Indien hy oortuig is dat die ketelkamer en die ruimtes wat die brandstofolie-installasie bevat voldoende beskerm word deur 'n permanente pypleidingstelsel vir die uitspuiting van smoorgas, stoom of water onder 'n hoë druk. Indien hierdie permanente pypleidingstelsel stoom uitspuit, en die skip slegs toegerus is met waterpypketels, moet boonop ook nog 'n skuimbrandblusser met 'n inhoud van minstens 30 gelling of 'n koolsuurgasbrandblusser met 'n inhoud van minstens 100 lb. voorsien word.

(2) Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan enige Klas VIII, IX of IXA-skip van 150 ton of groter maar onder 500 ton vrystel van die voorskrifte van paragraaf (4) van regulasie 86, gelees met regulasie 88, en enige Klas X-skip, van die voorskrifte van paragraaf (4) van regulasie 89: Indien hy oortuig is dat die ketelkamer en die ruimtes wat die oliebrandstof-installasie bevat, voldoende beskerm word deur 'n permanente pypleidingstelsel vir die uitspuiting van smoorgas, stoom of water onder 'n hoë druk.

**108. ALGEMENE VRYSTELLING VAN SEKERE SKEPE.**

Die Sekretaris kan enige Klas IX, IXA, X of XII skip van enige van die voorskrifte van hierdie Deel vrystel as hy van mening is dat nakoming daarvan onredelik sou wees.

**103. EXEMPTION OF SHIPS IN RESPECT OF FIRE ALARM OR FIRE DETECTION SYSTEM.**

The Minister may exempt any Class I or II ship from the requirements of paragraph (2) of regulation 55 read with regulation 65, if he is satisfied that the voyages on which the ship is engaged are of such short duration that compliance with the aforesaid requirements would be unreasonable.

**104. EXEMPTION OF PASSENGER SHIPS IN RESPECT OF APPLIANCES FOR FIRE-SMOTHERING GAS.**

The Minister or Secretary as the case may be, may exempt any Class I, II or IIA ship from the requirements of paragraph (2) of regulation 57 read with regulations 65 and 66, if he is satisfied that the voyages on which the ship is engaged are of such short duration that compliance with the aforesaid requirements would be unreasonable.

**105. EXEMPTION OF PASSENGER SHIPS IN RESPECT OF FROTH INSTALLATIONS.**

The Minister or Secretary as the case may be, may exempt any Class I, II or IIA ship from the requirements of paragraph (4) of regulation 59 read with regulations 65 and 66, if he is satisfied that the boiler room and the spaces containing the oil fuel installation are adequately protected by a permanent piping system for the discharge of smothering-gas, or water at high pressure.

**106. EXEMPTION OF SHIPS, OTHER THAN PASSENGER SHIPS, IN RESPECT OF APPLIANCES FOR FIRE-SMOTHERING GAS.**

The Minister or Secretary as the case may be, may exempt any Class VII or VIIA ship, other than a tanker, from the requirements of regulation 76 read with regulation 83, if he is satisfied that—

- (a) the holds therein are provided with steel hatch covers and effective means of closing all ventilators and other openings leading to the holds; or
- (b) the ship is constructed for, and employed solely in, the carriage of ore or coal; or
- (c) to require compliance with the requirements of the aforementioned regulation would be unreasonable on account of the short duration of the voyages on which the ship is engaged.

**107. EXEMPTION OF SHIPS, OTHER THAN PASSENGER SHIPS, IN RESPECT OF FROTH INSTALLATIONS.**

(1) The Minister or Secretary as the case may be, may exempt any Class VII, VIIA, VIII, IX or IXA ship from the requirements of paragraph (4) of regulation 81 read with regulations 83, 84 and 88, and any Class VIII or IX or IXA ship of 500 tons or over but under 1,000 tons from the requirements of paragraph (4) of regulation 85 read with regulation 88: If he is satisfied that the boiler room and the spaces containing the oil fuel installation are adequately protected by a permanent piping system for the discharge of smothering-gas, steam or water at high pressure. If this permanent piping system discharges steam and the ship is fitted only with water-tube boilers, a froth fire extinguisher of at least 30 gallons or a carbon dioxide fire extinguisher of at least 100 lb. capacity shall be supplied in addition.

(2) The Minister or Secretary as the case may be, may exempt any Class VIII, IX or IXA ship of 150 tons or over but under 500 tons from the requirements of paragraph (4) of regulation 86 read with regulation 88, and any Class X ship from the requirements of paragraph (4) of regulation 89: If he is satisfied that the boiler room and the spaces containing the oil fuel installation are adequately protected by a permanent piping system for the discharge of smothering-gas, steam or water at high pressure.

**108. GENERAL EXEMPTION OF CERTAIN SHIPS.**

The Secretary may exempt any Class IX, IXA, X or XII ship from any of the requirements of this Part if he considers that compliance therewith would be unreasonable.



# 109. VRYSTELLING VAN SKEPE WAT GEBOU IS VOOR DIE INWERKINGTREDING VAN HIERDIE DEEL.

Die Minister of Sekretaris, na gelang van die geval, kan op sodanige voorwaardes wat hy geskik ag, enige skip wat gebou is voor die inwerkingtreding van hierdie Deel, van enige van die voorskrifte van hierdie Deel vrystel indien hy daarvan oortuig is dat daardie voorskrif of onprakties of onredelik is in die geval van daardie skip.

## EERSTE BYLAE. (Regulasies 5, 6, 49 en 50.)

Tabel wat die minimum getal stelle davits wat voorsien moet word en die minimum kubieke inhoud van reddingsbote in Klas I, II en IIA-skepe aandui:—

| Lengte van skip (voet).  | (A)<br>Minimum<br>getal stelle<br>davits. | (B)<br>Kleiner<br>getal stelle<br>davits by<br>uitsondering<br>gemagtig. | (C)<br>Minimum<br>inhoud van<br>reddingsbote<br>in kubieke<br>voet. |
|--------------------------|-------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------|
| Minder as 120.....       | 2                                         | 2                                                                        | 400                                                                 |
| 120 en minder as 140.... | 2                                         | 2                                                                        | 650                                                                 |
| 140 en minder as 160.... | 2                                         | 2                                                                        | 900                                                                 |
| 160 en minder as 175.... | 3                                         | 3                                                                        | 1,150                                                               |
| 175 en minder as 190.... | 3                                         | 3                                                                        | 1,350                                                               |
| 190 en minder as 205.... | 4                                         | 4                                                                        | 1,550                                                               |
| 205 en minder as 220.... | 4                                         | 4                                                                        | 1,750                                                               |
| 220 en minder as 230.... | 5                                         | 4                                                                        | 1,850                                                               |
| 230 en minder as 245.... | 5                                         | 4                                                                        | 2,150                                                               |
| 245 en minder as 255.... | 6                                         | 5                                                                        | 2,400                                                               |
| 255 en minder as 270.... | 6                                         | 5                                                                        | 2,700                                                               |
| 270 en minder as 285.... | 7                                         | 5                                                                        | 3,000                                                               |
| 285 en minder as 300.... | 7                                         | 5                                                                        | 3,300                                                               |
| 300 en minder as 315.... | 8                                         | 6                                                                        | 3,600                                                               |
| 315 en minder as 330.... | 8                                         | 6                                                                        | 3,900                                                               |
| 330 en minder as 350.... | 9                                         | 7                                                                        | 4,300                                                               |
| 350 en minder as 370.... | 9                                         | 7                                                                        | 4,750                                                               |
| 370 en minder as 390.... | 10                                        | 7                                                                        | 5,150                                                               |
| 390 en minder as 410.... | 10                                        | 7                                                                        | 5,550                                                               |
| 410 en minder as 435.... | 12                                        | 9                                                                        | 6,050                                                               |
| 435 en minder as 460.... | 12                                        | 9                                                                        | 6,550                                                               |
| 460 en minder as 490.... | 14                                        | 10                                                                       | 7,150                                                               |
| 490 en minder as 520.... | 14                                        | 10                                                                       | 7,800                                                               |
| 520 en minder as 550.... | 16                                        | 12                                                                       | 8,400                                                               |
| 550 en minder as 580.... | 16                                        | 12                                                                       | —                                                                   |
| 580 en minder as 610.... | 18                                        | 13                                                                       | —                                                                   |
| 610 en minder as 640.... | 18                                        | 13                                                                       | —                                                                   |
| 640 en minder as 670.... | 20                                        | 14                                                                       | —                                                                   |
| 670 en minder as 700.... | 20                                        | 14                                                                       | —                                                                   |
| 700 en minder as 730.... | 22                                        | 15                                                                       | —                                                                   |
| 730 en minder as 760.... | 22                                        | 15                                                                       | —                                                                   |
| 760 en minder as 790.... | 24                                        | 17                                                                       | —                                                                   |
| 790 en minder as 820.... | 24                                        | 17                                                                       | —                                                                   |
| 820 en minder as 855.... | 26                                        | 18                                                                       | —                                                                   |
| 855 en minder as 890.... | 26                                        | 18                                                                       | —                                                                   |
| 890 en minder as 925.... | 28                                        | 19                                                                       | —                                                                   |
| 925 en minder as 960.... | 28                                        | 19                                                                       | —                                                                   |
| 960 en minder as 995.... | 30                                        | 20                                                                       | —                                                                   |
| 995 en minder as 1,030.. | 30                                        | 20                                                                       | —                                                                   |

## TWEEDE BYLAE. (Regulasie 20.)

### VEREISTES VIR REDDINGSBOTE.

- (1) Elke reddingsboot moet 'n oop boot wees, gebou met stewige kante.
- (2) Die reddingsboot moet so 'n vorm en sulke afmetings hê, dat dit voldoende stabiliteit ter see en voldoende vryboord sal hê wanneer dit die volle getal persone en volledige uitrusting aan boord het. Dit moet behoorlik gebou wees vir die doeleindes waarvoor dit bedoel is en moet sterk genoeg wees om veilig te water gelaat kan word wanneer dit met die volle getal persone en volledige uitrusting belas is.
- (3) Geen reddingsboot moet korter as 16 voet wees nie.
- (4) Geen reddingsboot, wanneer volgelaaai met persone (bereken teen 165 pond per persoon) en uitrusting, moet meer as 20 ton weeg nie.
- (5) In elke reddingsboot moet alle dwarsbanke en sybanke so laag doenlik in die reddingsboot aangebring wees, en die buikdenningplanke moet so aangebring word dat die dwarsbanke hoogstens 2 voet 9 duim bo hulle is.

# 109. EXEMPTION OF SHIPS CONSTRUCTED BEFORE THE COMING INTO FORCE OF THIS PART.

The Minister or Secretary as the case may be, may on such conditions as he thinks fit, exempt any ship constructed before the coming into operation of this Part from any of the requirements of this Part if he is satisfied that that requirement is either impracticable or unreasonable in the case of that ship.

## FIRST SCHEDULE. (Regulations 5, 6, 49 and 50.)

Table showing the minimum numbers of sets of davits to be provided and the minimum cubic capacity of lifeboats in ships of Class I, II and IIA.

| Length of Ship (feet).   | (A)<br>Minimum<br>Number of<br>Sets of<br>Davits. | (B)<br>Smaller<br>Number of<br>Sets of<br>Davits<br>authorised<br>exceptionally. | (C)<br>Minimum<br>Capacity of<br>Lifeboats<br>in Cubic<br>Feet. |
|--------------------------|---------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------|
| Under 120.....           | 2                                                 | 2                                                                                | 400                                                             |
| 120 and under 140.....   | 2                                                 | 2                                                                                | 650                                                             |
| 140 and under 160.....   | 2                                                 | 2                                                                                | 900                                                             |
| 160 and under 175.....   | 3                                                 | 3                                                                                | 1,150                                                           |
| 175 and under 190.....   | 3                                                 | 3                                                                                | 1,350                                                           |
| 190 and under 205.....   | 4                                                 | 4                                                                                | 1,550                                                           |
| 205 and under 220.....   | 4                                                 | 4                                                                                | 1,750                                                           |
| 220 and under 230.....   | 5                                                 | 4                                                                                | 1,850                                                           |
| 230 and under 245.....   | 5                                                 | 4                                                                                | 2,150                                                           |
| 245 and under 255.....   | 6                                                 | 5                                                                                | 2,400                                                           |
| 255 and under 270.....   | 6                                                 | 5                                                                                | 2,700                                                           |
| 270 and under 285.....   | 7                                                 | 5                                                                                | 3,000                                                           |
| 285 and under 300.....   | 7                                                 | 5                                                                                | 3,300                                                           |
| 300 and under 315.....   | 8                                                 | 6                                                                                | 3,600                                                           |
| 315 and under 330.....   | 8                                                 | 6                                                                                | 3,900                                                           |
| 330 and under 350.....   | 9                                                 | 7                                                                                | 4,300                                                           |
| 350 and under 370.....   | 9                                                 | 7                                                                                | 4,750                                                           |
| 370 and under 390.....   | 10                                                | 7                                                                                | 5,150                                                           |
| 390 and under 410.....   | 10                                                | 7                                                                                | 5,550                                                           |
| 410 and under 435.....   | 12                                                | 9                                                                                | 6,050                                                           |
| 435 and under 460.....   | 12                                                | 9                                                                                | 6,550                                                           |
| 460 and under 490.....   | 14                                                | 10                                                                               | 7,150                                                           |
| 490 and under 520.....   | 14                                                | 10                                                                               | 7,800                                                           |
| 520 and under 550.....   | 16                                                | 12                                                                               | 8,400                                                           |
| 550 and under 580.....   | 16                                                | 12                                                                               | —                                                               |
| 580 and under 610.....   | 18                                                | 13                                                                               | —                                                               |
| 610 and under 640.....   | 18                                                | 13                                                                               | —                                                               |
| 640 and under 670.....   | 20                                                | 14                                                                               | —                                                               |
| 670 and under 700.....   | 20                                                | 14                                                                               | —                                                               |
| 700 and under 730.....   | 22                                                | 15                                                                               | —                                                               |
| 730 and under 760.....   | 22                                                | 15                                                                               | —                                                               |
| 760 and under 790.....   | 24                                                | 17                                                                               | —                                                               |
| 790 and under 820.....   | 24                                                | 17                                                                               | —                                                               |
| 820 and under 855.....   | 26                                                | 18                                                                               | —                                                               |
| 855 and under 890.....   | 26                                                | 18                                                                               | —                                                               |
| 890 and under 925.....   | 28                                                | 19                                                                               | —                                                               |
| 925 and under 960.....   | 28                                                | 19                                                                               | —                                                               |
| 960 and under 995.....   | 30                                                | 20                                                                               | —                                                               |
| 995 and under 1,030..... | 30                                                | 20                                                                               | —                                                               |

## SECOND SCHEDULE. (Regulation 20.)

### REQUIREMENTS FOR LIFEBOATS.

- (1) Every lifeboat shall be an open boat constructed with rigid sides.
- (2) The lifeboat shall be of such form and proportions that it shall have ample stability in a seaway, and sufficient freeboard when loaded with its full complement of persons and equipment. It shall be properly constructed for the purposes for which it is intended and shall be of sufficient strength to permit its being safely lowered into the water when loaded with a full complement of persons and equipment.
- (3) No lifeboat shall be less than 16 feet in length.
- (4) No lifeboat, when fully laden with persons (calculated at 165 pounds per person) and equipment, shall weigh more than 20 tons.
- (5) In every lifeboat, all thwart and side seats shall be fitted as low in the lifeboat as practicable, and bottom boards shall be fitted so that the thwarts shall not be more than 2 feet 9 inches above them.

(6) Elke reddingsboot moet 'n gemiddelde seeg hê wat minstens gelyk is aan 4 persent van sy lengte.

(7) Elke reddingsboot moet met inwendige dryfmiddels toegerus wees, wat sodanig geplaas is dat dit stabiliteit verseker wanneer die reddingsboot onder ongunstige weersomstandighede vol-gelaai is.

(8) Die inwendige dryfmiddels moet bestaan uit lugkaste gebou van koper of muntzmetaal van minstens 18 onse per vierkante voet, of van ander ewe geskikte materiaal.

(9) Die totale volume van die inwendige dryfmiddels in 'n houtreddingsboot moet minstens gelyk wees aan een-tiende, van die kubieke inhoud van die reddingsboot.

(10) Die dryfvermoë van 'n reddingsboot wat van enige materiaal, uitgesonderd hout, gemaak is, moet nie minder wees as dié wat vir 'n reddingsboot van dieselfde kubieke inhoud vereis word nie, en die volume van die inwendige dryfmiddels moet dienoreenkomstig vermeerder word.

